
2 : 2020




## HOE MOET ONS NA DIE HUIDIGE SITUASIE KYK?

Edward Smuts



Baie van ons staar nuwe uitdagings in die gesig met die maatreëls wat ons Leiers in plek stel om die verspreiding van Covid-19 te beheer. Dit beteken 'n groot kollektiewe poging om ons Regering en Gemeenskap te help om die situasie te beheer in hierdie werklik ongekende tyd.

Die ekoloog, Dave Pepler, het in Desember 2019 op RSG op die program, ***Hoe verklaar jy dit?*** op 'n vraag: *Hoe kry ons griep en verkoue?* o.a. gesê: "Mens kan met 'n groot mate van akkuraatheid voorspel dat daar 'n groot griep-uitbreking baie naby is. Hy het ook voorspel dat dit uit die Ooste sou kom. Die Covid-19 se uitbreking het die hele wêreld se leefstyl aangeraak en ons moet besef ons leefwêreld sal nooit weer dieselfde wees nie.

Behalwe dat ons Leiers in die politiek en handel - vir wie ek in hierdie tyd net die GROOTSTE RESPEK ontwikkel het - saam besluite neem oor ons land se pad vorentoe, moet ons ook self herbesin oor die wyse waarop ons leef. Pas jou voorkeure van hoe jy leef aan wanneer jy jou huis verlaat.

Dr Donald Katts, 'n voormalige Moderator van die Volkskerk van Afrika: "Aanbidding of gebed is nie afhanklik van eredienste, kerkgeboue, getalle of byeenkomste van mense nie." Elektroniese kommunikasieplatforms gaan nou benut moet word, soos Neo-Spektrum ook nou doen. Aanbidding kan in afsondering (sien bladsy 4 oor Centering Prayer) of oor die elektroniese platforms gedoen word - dit kan net so verrykend vir Sirkelvriende wees.

Marsia Rossouw, lid van ons Boekgroep, het die volgende aan die Boekgroeplede voorgehou toe ons die Boekgroep-byeenkomste tydelik afgestel het:

*"**Everything can be taken from a man but one thing: - the last of the human freedoms - to choose one's attitude in any given set of circumstances, to choose one's own way**.* Viktor Frankl

Dit moet as inspirasie vir ons almal in hierdie tyd dien. Ek is 'n gebore opportunis en glo dinge sal weer beter gaan soos in China waar die virus nou in 'n redelike mate onder beheer is - sien grafieke in die Rapport van 22 Maart 2020.

Ons leef in buitengewone tye en buitengewone omstandighede. Vir my persoonlik is dit duidelik — ***the coronavirus has become our greatest teacher!*** Wat bedoel ek as ek dit sê?



Terblanche Jordaan

Uittreksel uit Woensdag 25 Maart 2020 se e-pos.

1. **We are forced to shift from a *me* to a WE.**

Ons Westerse wêreld is geweldig gefokus op die individu waar my klein koninkryk pendel tussen *ek* en *myne*. Ons leef al vir dekades in isolasie. Die enigste 'ons' wat ons ken is die 'ons' teenoor 'hulle' ... en *hulle* is die andersdenkendes, die minderbevoorregtes, die buitestaanders. Skielik besef ons dat die **'ONS'** is die CEO van 'n groot maatskappy maar ook die bedelaar, dis Dr Prof Hoity Toity én die kar-wag. Die essensie van Jesus se boodskap is juis 'n identiteit van 'n ONS wat **almal** insluit. Dit is my hoop dat ons hierdie insig sal behou lank nadat 'n entstof dié virus getem het.

**2. Help gebed? VIR SEKER!**

God is die werklikheid van harmonie en balans. My gebede oor die coronavirus is 'n gebed om myself in balans en harmonie te bring, en my gebed vir hulle wat geraak is deur die virus is 'n gebed van onthou dat hulle siekte is ook my siekte, hulle genesing is ook my genesing. God is nie 'n God vir die beskerming van sekeres en nie vir ander nie. God is die naelstring tussen almal van ons, en die almal met God. Gebed is die herinnering van ons eenheid met mekaar, en gebed fokus my intensies op die verantwoordelikheid wat ek het teenoor myself, my ewemens, asook elke ander vorm van lewe.

**3. Gepraat van verantwoordelikheid —**

in elke opsig van ons bestaan (beroep en sosiale strukture, familie en geestelike lewe) staan ons voor die uitdaging om nuut te dink oor begrippe soos: *obligation, responsibility, and accountability … meer as ooit moet ons besef dat ons net kan praat van 'regte' as ons weet wat ons **plig** is. Die vryheid wat ons vir só lank as vanselfsprekend aanvaar het, vra nou van ons om te dink/besluit oor wat belangrik is en wat is nie — en ek bedoel REGTIG* belangrik want glo my, die opgehoopte spul toiletpapier in jou opwaskamer is net goed vir één ding. Miskien, net miskien is ons verantwoordelikheid 'n deurleefde omgee vir ander. Nie net in krisis nie maar ook wanneer dit goed gaan, of sal ek sê, veral in ons goedgaan!

**4. Wat mense nie verstaan nie, sal hulle ontken.**

Waarvan ons nie in beheer is nie, maak ons bang. Daar is soveel VREES in die lug dat ek Jesus hoor vra wat hy aan die dissipels op die skip in die storm vra: *"Waar is julle geloof, kleingelowiges?"* Nou is nie die tyd om oorrompel te word deur vrees nie. As jy in die donker sit, maak die gordyne oop sodat die lig jou gemoed kan verlig. Hoe sê Rumi — *"Move, but don't move the way fear makes you move."* As daar een ding is wat die lewe my geleer het, is dit dié waarheid: ***no crisis is ever forever!*** Plaas jou ego in kwarantyn, want dit saai verwarring en twyfel. Pasop vir die vreesvirus en kies liefde ... in elke aksie en reaksie.


**5. If you can't go outside, go inside —**

Wat 'n geskenk om weer tyd te hê vir stiltetyd en om weer in kontak te kom met die taal van jou hart. Ons sal stomverbaas wees om uit te vind hoeveel wysheid ons siel dra. Gebruik hierdie tyd van afsondering om weer emosioneel, intellektueel, en spiritueel jou huis aan die binnekant reg te pak. Gooi uit wat ons opgaar — al die ou stories van ons verlede wat ons saamdra, al ons skuldgevoelens en emosies van 'nie-goed-genoeg-nie' ... kom ons kies 'n nuwe begin want as hierdie seisoen van 'n wêreld op sy knieë by ons verbygaan sonder enige sielsverdieping, dan is ons waaragtig arm.

❤ Bly sover moontlik in die huis. Indien jy nie iemand het om vir jou die noodsaaklike te gaan kry nie, kontak ons asseblief en ons sal 'n plan maak om kos of medisyne by jou uit te kry.

Met liefde en waardering

# BEJAARDESORG



Larél Harding

Ek is reeds vanaf Junie 2018 besig met 'n Neo-Spektrum-projek waardeur daar na bejaardes uitgereik word.

Nuwe verwikkelinge in hierdie projek is die diereterapie wat by verskeie ouetehuise begin is. Dit word in samewerking met *The Big Hearts Foundation* aangebied. Hulle fokus is op diereterapie by ouetehuise. Die diere wat die seniors besoek, is Hercules (die ponie), Dino, Dobbie en Mieka (die drie honde)

Hierdie interaksie sluit emosionele en sosiale voordele vir vereensaamde bejaardes in.

**Emosionele voordele**

- Die gemoedstoestand van ons bejaardes word verbeter. Die besoeke deur diere verlaag die gevoel van eensaamheid en isolasie omdat hulle kameraadskap bied, al is dit vir 'n paar minute.
- Baie ouer mense wat alleen bly, sal jou vertel dat sy troeteldier die rede is waarom hy wil leef, en om gereelde besoeke by ouetehuise af te lê, bring opwinding en 'n gevoel van afwagting 'om reg te maak vir die diere se besoek'
- Mense is minder angstig.
- Fisiese kontak met die ponie en honde gee die bejaardes die geleentheid om iets aan te raak en liefde te *GEE* en dus affekteer dit hul psigologies.

**Sosiale voordele**

- Gesprekvoering word gestimuleer. Ons bejaardes praat gereeld oor hul diere van die verlede en die meeste raak emosioneel daaroor.
- Aanmoediging van interaksie. Inwoners in langtermyn-versorgingsfasiliteite is meer gewillig om aktiwiteitsessies waar 'n dier teenwoordig is, by te woon.







# CENTERING PRAYER

# GEBED VAN DIE HART



Marita vd Riet

Om te rus in God

Of beter nog, om berusting te vind in die teenwoordigheid van God. En dit gebeur so stil-stil terwyl ons van ons gedagtes laat gaan en onsself totaal oopstel vir die Groot Misterie.


Op Saterdag 7 Maart het COWC (Contemplative outreach Western Cape) vir ons 'n inleidende werkswinkel aangebied.Onder leiding van Janie Potgieter & Johan du Toit het 25 van ons meer geleer oor die krag van hierdie kontemplatiewe gebed.

Die pad vorentoe is dat ons Sondae voor kapeltyd na verdere DVD's kyk en 'n periode van stilgebed deel.

Met Covid-19 en die onsekerheid om ons, is dit juis hierdie stilte wat ons diep aan mekaar verbind.

En dit is waar ons rus vind.











Die aanbieder, Janie Potgieter, tydens die werkswinkel

## BEURSHOUER - VERONIQUE ADAMS

**Edward Smuts**

**Veronique is ‘n Graad 10-leerder aan die Hoërskool Fisantekraal. Die skool se 2019-prysuitdeling het op 18 Februarie 2020 plaasgevind.**

**Soos in Graad 8 het sy weer eerste in Gr. 9 gestaan en die medalje asook sertifikaat ontvang as die toppresteerder in Gr. 9. Daarbenewens het sy vyf vaksertifikate ontvang vir eerste posisie - English, Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Tegnologie en Lewensoriëntering. Daarbenewens het sy ook ‘n sertifikaat ontvang vir tweede posisie in Afrikaans.**

**Veronique is ‘n oud-leeder van PS Attie van Wyk, die landelike skool op Adderlyweg net buite Durbanville wat Neo-Spektrum op verskeie maniere ondersteun.**

**Neo-Spektrum is baie trots op wat Veronique reeds bereik het en vertrou dat sy vanjaar daarop sal voortbou. Ons wens haar alle sukse toe met Gr. 10.**

**Me Zelda Adams het drie spruite; Veronique, Calvin in Gr.6 by Atiie van Wyk asook klein Christiaan.**



**Hierbo is Veronique net na die prysuitdeling met al haar sertifikate en medalje.**




**Hierdie foto is in Januarie 2020 geneem, die dag toe ons die jaar se skoolklere en skryfbehoeftes gaan koop het. Vlnr: Zelda, Christiaan en Veronique. Dit is nogal vir my ‘n voorreg om op 73 nog skoolklere en skryfbehoeftes te gaan koop.**

**Baie dankie vir al die bydraes wat inbetaal is as - kom ons noem dit - afstandskollektes.**

**Dit beteken dat NS al sy verpligtinge kan bly nakom!!!**

## NEO-SPEKTRUM GEDURENDE 2020

# Neo-Spektrum Byeenkomste

**Alle Neo-Spektrum byeenkomste is afgestel tot tyd en wyl dit veilig is vir almal se gesondheid om weer bymekaar te kom**

## NORMALE BEDRYWIGHEDE VAN NS

**WYSHEIDSIRKEL ELKE SONDAG OM 10:00 IN DIE KAPEL BY KOLPING SENTRUM**

### ACIM

**Brené Brown se boek: *Rising Strong***

**word gedurende 2020 gelees en bespreek**

- **elke 2de Donderdagaand 19:30 aangebied by Kolping Sentrum**
- **elke alternatiewe Maandagaand 19:30 in die stad**

### BOEKGROEP

- **Vergader om 19:00 op 1ste Maandagaand van die maand by Fontijn 204, Newhavenstraat 1, Durbanville**
- **Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor en Besprekings volg.**
- **ed56chris@gmail.com**

### AANBIEDINGE

- 9 Mei: Geskiedenis van die Bybel - Ou Testament
- 16 Mei: Geskiedenis van die Bybel - Nuwe Testament
- 25 Julie: Spiritualiteitskonferensie
- 31 Julie: MES Vrouedagete
- 13 September: Sirkelete
- 14 November: Somerfees & Wynveiling

### UK—VERGADERINGS

- 27 Mei
- 16 September
- 4 November

### JAARVERGADERINGS

- 22 November: Algemene JV

### PROJEKTE

- Junie/ Julie: Mes Winterhoop
- November/ Desember: Huis Jabes Somerhoop

### LET WEL

**DIE SPESIALE JAARVERGADERING WAT GESKEDULEER WAS VIR 19 APRIL 2020 WORD NOODWENDIG VERSKUIF TOT LATERE KENNISGEWING**